

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

 5.2


2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Dordrecht

Titel van Projek: 5 Jaar Sondagskool kurrikulum


3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Riëtte Botha
Posadres:	
E-pos:	riettebotha@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	083 3311 934

 Handtekening Projekvoorsteller	22/10/2025 Datum
---	---------------------

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) CHRISTIAAN KOTZE, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van DORDRECHT, dat hierdie projek op 21/10/2025 TELEFONIS deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

 Handtekening Voorsitter / Skriba	22/10/2025 Datum
---	---------------------

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Sondagskool materiaal aankope is duur in gemeentes, voorbereiding is baie, maar die kinders se Bybelkennis verbreed nie noodwendig nie. Met hierdie program gaan ons terug na die Bybel toe. Die aanbiedings word direk uit die Bybel gedoen. Vir kleiner kerke kan al die ouderdomme saam gegroepeer word. Vir groter groepe, kan die aanbieding in die klein of groot groep gedoen word, maar die gesprekke na die tyd, is in die kleiner groepe. Die Petra Instituut Kreatiewe Bybel lees tegniek is gebaseer op die Lectio Divina, maar die drie keer lees word uitgespeel met dramatisering, of natuur elemente as 'props' of dit kan geteken word. Vir groter kinders kan hulle net self saam lees en die proses volg.

Die 5-jaar program is 'n probeer om die Bybel oor 5 jaar deur te werk. Die storie wat gekies word vir 'n Sondag, kan natuurlik nie 4 tot 6 hoofstukke van 'n Bybelboek oorspan nie, so 'n keuse moet gemaak word deur die leier van die Sondagskool. Wanneer die tegniek by die huis in die gesin herhaal word, kan die ander stories rondom die Sondag se keuse gedurende die week so gedoen word.

Die program is reeds getoets in 2 gemeentes. Eerste gemeente 'A' het twee jaar die program gebruik (2022-2023), maar opgehou omdat ek, die samevoeger, na 'n ander gemeente geskuif het om verdere opleiding as Diensleer te ontvang. Die kategete wat aangebly het was nie toegerus om die materiaal te kies en uit te deel voor die les nie, asook het hulle 'n nuwe predikant gekry het wat hul eie program aanbeveel het. Ons het 2022 begin met 10 kinders wat gereeld bygewoon het en 2023 geëindig met 50 wat gereeld bygewoon het.

Gemeente 'B' het 2024 begin met 60 kinders wat sertifikate ontvang het einde 2023. Dus kon ons die afleiding maak ons begin met 60 gereelde bywoners vir 2024. Gedurende 2024 het die kinders en ouers se getalle toegeneem dat ons kon afsluit met 100 kinders. Dus 2025 begin met 100 kinders en dit het elke Sondag gegroei. Gemeente 'B' het in die stad begin bekend staan as die kerk met Sondagskool waar kinders die Bybel leer ken, maar ook dit geniet om by te woon. Hul gaan nou 2026 begin met jaar 3. Ek het 'n persoon begin 2025 geïdentifiseer wat die program verstaan en kan uitrol.

Die indeling van die Bybelboeke is gedoen om by die kerk se kalender in te pas. Ons begin by Abraham wat eerste geroep is. 1ste kwartaal is Ou Testament stories. 2de kwartaal is gewoonlik Paasfees, so dan doen ons Jesus stories uit die evangelies. 3de kwartaal is groot en klein profete en 4de kwartaal is Nuwe Testament briewe.

Die kerk of aanbieders maak fotostate van die kruis, wat die kind se naam op het, asook die datums van die jaar se bywoning. Die aanwesig merk is met 'n plakker. Die bladsy word in 'n 30 bladsy 'flip-file' gesit. Die kurrikulum vir die jaar se bladsy word ook in die leer gesit, sodat die ouers kan sien wat gaan gebeur. Daar word ook 'n inkleur prent afgetrek van die internet vir die kleiner kinders of 'n 'wordsearch' kan gemaak word vir die groter kinders.

Die tegnieke wat gebruik word deur die jaar is Kreatiewe Bybel lees, storie vertel tegnieke en Bybel vers memorisering.

Bogenoemde 3 tegnieke het opleiding voor nodig. Die befondsing is nodig vir die dag opleiding (fotostate, ligte ete, tee/koffie) en reiskoste. Die kurrikulum is verniet, want dit is in 'n toets fase om met meer gemeentes op dieselfde tyd gebruik te kan word, asook of die kinders dit ook so sal geniet en getalle groei.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Aanbieders van Sondagskool in Ring van Dordrecht: NG Elliot, NG Dordrecht, NG Barkly, NG Indwe, Ugie & Maclear gemeenskapkerk, VGK in Maclear.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Bekendstelling	Okt. 2025 tot 14 Jan. 2026
Opleiding en infasering van jaar 1 in Elliot, res van die jaar is aanlyn.	Saterdag 10 of 17 Jan. 2026 tot Des 2026
Voortdurende evaluering en mentorskap van leiers. Aanlyn	Hele 2026
Bekendstelling van materiaal aan ouers, asook potensiaal om as huisgeloof materiaal te gebruik. Aanlyn gesprekke en opleidings	Hele 2026
Opleiding en infasering van jaar 2 in Elliot, res van die jaar is aanlyn.	Saterdag voor skool begin 2027
Deeglike evaluering van kinders, ouers, leiers en kategete, aanlyn, asook leiers in kerke vra om te help.	Julie tot Nov. 2027
Skryf van artikel oor die evaluering van die impak van die program op Bybelkennis asook die verhoudings tussen aanbieders en kinders. Skryf van nog 'n artikel om die program se impak op huisgeloof te bespreek.	
Opleiding en infasering van jaar 3	Saterdag voor skool begin 2028
Opleiding en infasering van jaar 4	Saterdag voor skool begin 2029
Opleiding en infasering van jaar 5	Saterdag voor skool begin 2030

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Riëtte Botha, Amanda Vorster	NG Elliot
Christiaan Kotzé	Ugie & Maclear gemeenskapskerk
	NG Barkly & NG Rhodes
Elsje Büchner	NG Dordrecht
Herman Coetzee	Elliot gemeenskapskerk

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
10 Kopieë per persoon @ 25 mense	250
Alle ander word elektronies uitgestuur	
Elke kerk sal self hul eie flip-files aanskaf	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Ringfondse	R2 000
Gemeentes se bydraes sal gedurende die jaar wees met kopieë aan die kinders te maak, asook die flip-files te koop.	
TOTAAL:	R2 000

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
2 voertuie van Ugie & Maclear (70km x 2 @ R3,75)	R 525
2 voertuie van Dordrecht & Indwe (96km x2 R3,75)	R 720
1 voertuig van Barkly & Rhodes (98km X2 @R3,75)	R 735
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk (250 bladsye @R0,50)	R 125
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings (R100pp vir 25 mense)	R2 500
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	R4 605 per jaar

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R4 605 per jaar (afhangend van petrolprys wil ek nie vooruit vasmaak nie.)
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R2 000
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R2 605

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
7 Januarie 2026	R2 605

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om per rekenaar ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit per hand wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf